

INHOUDSOPGAWE

Vry soos 'n voël	1
Nogtans	4
Bekeerde Irakees weet: eendag word ek vermoor	7
Skrikwekkende onthullings op die laaste dag	9
Waarom groei my geloof so min?	17

REDAKSIE:

- Ds E Viljoen, Bellville
emyn04@gmail.com
- Ds J van der Linden,
Johannesburg
jopie1976@gmail.com

VRY SOOS 'N VOËL

HJ Messelink



steur nie. Heeltemal jou eie gang gaan. Doen net wat jy wil. Dit lyk alte fantasties. Soos wat die jongste seun in die gelykenis die wye wêreld ingetrek het.

Maar is jy dan regtig vry? Of lyk dit slegs vir 'n oomblik so? Soos wat dit gelyk het asof Icarus regtig kon vlieg, totdat hy in die see geval het. Is die mense rondom ons regtig vry? Of het hulle dalk tog weer slawe geword? Slawe van hulle eie verlangens? Of miskien dalk van die duiwel? En sal hulle dalk nie eendag hulleself te pletter val as dit sal blyk dat hulle nie regtig kon vlieg, nie regtig vry was nie?

Wanneer is mens eintlik regtig vry, so vry soos 'n voël? Wanneer kan jy regtig van die lewe geniet?

Slegs deur Christus

Paulus skryf in Galasiërs 5:13: “.. *julle is tot vryheid geroep*”. Julle – daar is ook ander. Paulus noem hulle: mense, valse leraars wat vir die Galasiërs gesê het: vir jou redding is daar meer nodig as net jou geloof alleen. Jy moet ook die wette van Moses onderhou en die mans moet hulle laat besny.

Vir ons tyd vertaal: Jy moet iets vir God bewys, dat jy regtig ernstig is. Ons laat ons nie besny nie, maar ons wil op ons eie manier graag vir God wys dat ons ons bes doen vir Hom:

‘Want julle is tot vryheid geroep, broeders; gebruik net nie julle vryheid as ‘n aanleiding vir die vlees nie, maar dien mekaar deur die liefde’ Galasiërs 5:13

Ken jy die naam Icarus? Dit was ‘n bekende naam in die oudheid. Die verhaal vertel dat Icarus saam met sy vader Daedalus op die eiland Kreta gevange was. Daedalus het vir sy seun kunstige vlerke gemaak wat met was aan die liggaam vasgeheg is. Met hierdie vlerke kon Icarus vanaf ‘n berg in die lug opstyg en vlieg. Soos hy gevlieg het, het hy jammer genoeg al hoe nader aan die son gevlieg. Die was het begin smelt en nie ver van die eiland Samos af nie, het hy in die see gestort.

Hierdie verhaal beeld die mens se verlange uit, maar ook sy onmag om te vlieg. Om vry te wees soos ‘n voël. Daardie verlange is diep in elke mens gesetel. Om vry te wees, onafhanklik te wees. Jou aan niks en niemand

deur dikwels en baie intensief te bid, deur ons pligte getrou na te kom en deur die minste te wees. God kan dit mos nie ignoreer nie?

Paulus trek (letterlik) 'n kruis deur hierdie redenering. Want Christus se kruis sê nie dat jy dit so goed doen nie, maar dat jy dit nog baie beter kan doen. Die kruis sê: jy is so sleg dat net Christus jou kan red. God se Seun wat vir jou aan die kruis gaan hang het. Of jy nou 'n lewensgevaarlike krimineel of 'n netjiese kerkganger is, jy is vir 100% van daardie kruis afhanklik. Slegs daar is jou sondes bedek, en slegs daar word jy as kind van God aanvaar. En dít gee jou die vryheid.

Vrygekoop

Die volmaakte verlossingswerk van Jesus Christus is die grond onder jou voete, die veilige ruimte waarbinne jy mag lewe. Sonder dat ons dit verdien, verwyder God al ons vuiligheid. Hy maak ons los van ons sondes. Hy identifiseer ons nie meer met ons sondes nie. As Hy vir ons kyk, sien Hy sy eie Seun. Dít is die vryheid wat God aan ons skenk. Jy is vry van die sonde en die vloek van die wet.

Wat 'n verligting! Want jy ken jouself so goed. Miskien doen jy glad nie sulke verskriklike dinge nie, maar is daar dalk van daardie verfynde sondes. Daardie jaloesie diep in jou, die egoïsme, die ontevredenheid. Alles sondes wat jou na die ewige hel kon stuur. Sondes wat jou te pletter sou laat val as jy nie 'n valskerm gehad het nie. Die kruis sê: God sal jou egoïsme, jou jaloesie, jou trots, jou bitterheid nooit meer teen jou hou nie. Want Christus het jou vrygekoop van die vloek van die wet deurdat Hy vir jou 'n vloek geword het. Die straf op al jou mislukkings is gedra, die vloek is weg. Dít is vryheid. Al die magte van sonde, van vloek, van dood en hel het geen seggenskap meer oor jou nie. Met Christus mag jy 'n nuwe lewe begin, deur die geloof in Hom,

Vry en bly

Egte vryheid is dus: ons sondes staan nie meer in die pad tussen God en ons nie. God hou nie

meer rekening daarmee nie. Maar ook: God neem ook nie ons *goeie* dade in berekening nie. Ons hoef nie sekerheid te soek in dit wat ons vir God doen nie. Ons moet slegs in die kruis roem. Ek soek nie meer sekerheid in dit wat ek vir God doen nie, want môre kry ek dit weer nie reg nie. En oormôre is ek nie lus nie. Waar bly my sekerheid dan?

Hy identifiseer ons nie meer met ons sondes nie. As Hy vir ons kyk, sien Hy sy eie Seun.

Gelukkig is die kruis daar. Daar is die vloek gedra. Net dáár weet ek dat God my nie sal vermorsel nie, dat ek nie daar te pletter sal val nie. Daar weet ek dat God my sondes so ernstig opgeneem het, dat Hy sy eie Seun daarvoor laat sterf het. Daar weet ek: dit is goed, ek is vry - 'n vrye en blye kind van God. Ek mag van die lewe geniet. Ek mag soos 'n voël heerlijk deur die lug vlieg; ek sal nie te pletter val nie, want ek hang aan die valskerm van verlossing. Ek dra nie meer die las van die sonde nie. Ek *hoef* dus nie jaloers te wees nie, want ek is rééds 'n kind van God. Ek *hoef* nie krampagtig te lewe nie, want God is rééds aan my kant. Ek *hoef* niks te doen om in God se guns te kom nie, want Hy het ons tot vryheid geroep. Die inisiatief het heeltemal van Sy kant af gekom. God het ons lief in die Here Jesus. En alle toewyding aan God kan is slegs rus vind in die feit dat God ons reeds aanvaar het. Die evangelie is: jy is vry, danksy Jesus Christus. Jy maak 'n sagte landing in die arms van jou Heiland.

Jou hande vry om te dien

Jy is vry. Klink dit darem nou nie alte maklik nie? Soos: jy kan maar liefhê en doen wat jy wil? Lei dit nie tot pure losbandigheid en willekeur nie? Dit sou so gewees het as God alles aan ons sou oorlaat. Maar dit is nie so nie. God se verlanse is om ons aan die beeld van sy Seun gelykvormig te maak. Hy wil graag sien dat ons in sy voetspore sal volg. Die Heilige Gees maak dit moontlik: Hy vorm ons, Hy maak ons tot kinders

Ons is nie bevoeg om te sterf vir Christus nie, tensy ons nie van harte kan leef vir Christus nie

van God wie se hande vry is om te dien. Paulus wys daarop in die tweede deel van Galasiërs 5:13: 'maar dien mekaar deur die liefde'. Dis opvallend.

Mense sê: om vry te wees is om te doen wat *ék* wil, sonder om my aan ander mense te steur. Maar Paulus sê: jy het nie jou vryheid dáárvor gekry nie. Dan sou daardie vryheid 'n aanleiding, 'n aansporing vir die vlees, vir die sonde wees. Dan gebruik jy die vryheid om jouself net uit te leef, soos jy wil. Maar dís nie waarvoor jy die vryheid gekry het nie.

Paulus sê: Daardie vryheid gaan jy nou gebruik om jou naaste in liefde te dien. Diens. 'n Christen is vrygemaak om te dien. Daar staan letterlik: om jou naaste se slaaf te wees. Jou vryheid mag jy gebruik om te dien. Vryheid wat nie daardie doel het nie, is skynvryheid, in feite 'n verslaaf wees aan jouself.

Dit is natuurlik 'n baie ander mentaliteit as wat ons vandag hoor. Vandag is vry wees: kies vir jouself, vir dit waarvan *jý* hou. Jy moet geniet. Jy moet alles beleef, telkens weer nuwe opwinding beleef.

God neem ook nie ons *goeie* dade in berekening nie. Ons hoef nie sekerheid te soek in dit wat ons vir God doen nie.

Maar 'n kind van God het dit nie meer so nodig nie. Hy *is* mos reeds vry. Hy het netnou 'n ewigheid om te geniet. Nou is sy hande dus nog vry om te dien. Hy kan die ander nou gaan liefhê in elke situasie.

Egte liefde

Die Here Jesus het vir ons 'n voorbeeld gestel. Hy het altyd in liefde na sy naaste gekyk. Dis nie dat Hy alles goedgekeur of nooit kwaad geraak het nie. Maar Hy is altyd gedryf deur die gedagte: Hoe kan Ek my naaste help om tot sy of haar ewige bestemming te kom? Dít is egte liefde. Nie liewigheid nie, nie toegeeflikheid nie. Maar liefde. Dit is: hoe staan ek nie meer in jou pad nie? Hoe kan ek jou help op pad na die ewigheid? So verbind ons onself in vryheid aan mekaar.

In die kerk praat ons graag oor ons persoonlike vryheid. Dit klink amper soos: die ander traak my nie. God leer ons: ons mag ons vryheid juis diensbaar maak aan die egte liefde tot mekaar. In die kerk is daar dikwels meningsverskille. Daar is uiteenlopende menings oor verskeie sake. Maar juis dit is 'n toets of ons mekaar werklik wil liefhê en dien, of nie. Die vraag is: hoe hou ons mekaar vas oppad na die jongste dag? Saam, as vrye kinders van God, mag ons ontdek hoe groot Christus se liefde is.

Op hierdie manier kan ons mekaar in die kerk ook ruimte gun. Ons hoef nie dadelik in alles dieselfde mening te huldig nie. (vgl Romeine 14:4 en 5 en Rom. 15:5). Ons hoef ook nie alles dadelik by mekaar te beoordeel nie. Ons moet juis baie versigtig daarmee wees! Uiteindelik is elkeen verantwoordig aan God verskuldig en nie aan mense nie. Pas dus op vir bemoeisug in die kerk, waarmee ons mekaar se lewe behoorlik kan versuur.

Ons hoef nie angstig of krampagtig met al die vraagstukke van vandag om te gaan nie. Ons is vrye seuns en dogters van God, met die belofte van die Heilige Gees wat ons wys maak. Dít is vir ons genoeg, op pad na die totale bevryding, in die huis van die Vader.

Ons kan nie die lofwaardigheid van God toejuig as ons geen begeerte het om dit te verkondig nie

- J Stott

NOGTANS

J van der Linden

Wie het geglo wat aan ons verkondig is? En aan wie is die arm van die HERE geopenbaar? Hy was verag en deur die mense verlaat... Nogtans het Hy ons krankhede op Hom geneem....

(Jesaja 53:1-4a)

Jesaja 53 gee 'n baie ongewone beskrywing. Dit is asof ons iemand op die straat sien loop, en die teks beskryf dan wat ons sien en hoe ons oor die persoon oordeel. Die teks beskryf die hele tyd wat “ons” dink en hoe “ons” teenoor hierdie persoon staan. Natuurlik gaan dit dan in die eerste plek oor hulle wat in werklikheid met hierdie Kneg van die HERE gekonfronteer is, maar ons teks is ook 'n tipe belydenis. Dit is 'n woord wat net so gepas is in elke gelowige se mond! En juis deurdat hierdie gedeelte 'n profesie is, word God se hele volk as 't ware saamgeneem, en word daar uitgespreek wat in ons hart leef.

Ja, en dan ook hoe die Kneg teenoor ons staan!

On-gelooflik

Ons almal het geweet dat die Kneg van die HERE sou kom, maar wie kan glo dat die Man wat ons voor ons sien hierdie beloofde Kneg is? Dit is tog nie moontlik nie? Die Kneg van die Heerlike en Almagtige God, Hy wat die mees besondere posisie inneem voor die onbeskryflike God, is dit Hy wat ons hier sien? Daar moet tog iewers 'n fout wees? Kyk hoe lyk Hy, kyk hoe leef Hy, kyk hoe is Hy – is dit nou die Kneg van die Here? Voorwaar, so 'n

woord is ongelooflik! Geen nugter-denkende mens sal dit vir 'n oomblik aanneem nie. Dit is immers deur hierdie Kneg dat die HERE sy magtige arm sou openbaar!

Ja, dit is wat elke kind van God vurig begeer, daardie magtige arm van God se verlossing in sy of haar lewe. Dit is met daardie magtige arm dat die HERE die Egiptenaars verpletter het. En by die intog van Israel in die land Kanaän: Volk na volk moes wyk voor hierdie kragtige arm van die Here. In benoudheid het die arm van die HERE ingegryp. Net voor die intog in die land Kanaän, in Deut 4:34, wil die Here sy volk vir altyd daaraan herinner: Onthou, daar is geen ander god soos Ek nie, want kyk na my uitgestrekte arm waardeur Ek tekens en wonders en groot skrikwekkende dade gedoen het!

**...sien ek nou: dit is nie sy sondes
waarom Hy so gebukkend deur die
lewe gaan nie.**

Dit is die arm van die HERE. En nou moet ek hierdie magtige arm van die Here sien in daardie Kneg, in Hom wat geen glans of heerlijkheid het nie? Wie sien in hierdie vernederde, verpletterde Man daardie magtige arm van die Here?

En so word ons geplaas voor die geheim van God se openbaring. Ons staan hier voor die werklikheid van die stryd in hierdie wêreld, die kern van die stryd in my eie lewe. Immers, as

Dit is nie deur te bid dat ons God se guns wen nie. Ek bid omdat ek God se guns ontvang het uit sy Woord.

ek daar by die Rooi See staan, en ek sien daardie groot wonders wat God doen deur sy magtige arm, ja dan kan ek glo. Wat 'n weg van verlossing! Maar nou staan ek voor hierdie veragte Man, so klein in die oë van die mense, en Hy sterf daar aan die kruis saam met moordenaars. Hoe is dit moontlik dat ek hier voor 'n magtelose man aan die kruis sê: Kyk hierdie magtige weg van verlossing wat besig is om voor my oë af te speel?

Die hele evangelie van God se genade saamgevat in een woord: Nogtans!

Dit kan slegs gesê word wanneer die openbaring van God diep deurdring tot in ons hart, en wanneer ons die magtige werklikheid besef wat hom afspeel in die lewe van hierdie Kneg. Wie die magtige arm van God wil leer ken, hy sal biddend moet staar na die kruis totdat hy dit ook sien, totdat God sy oë hiervoor oopmaak.

Waardeloos

En dan in vers 2 begin ons te vertel hoe ons hierdie Kneg beleef en beoordeel het: *“Hy tog het soos 'n loot voor sy aangesig opgespruit en soos 'n wortel uit droë grond”*. Hierdie Kneg van die Here kom nie na vore as 'n magtige akkerboom of as 'n vrugteboom in volle bloei nie. Maar uit 'n wortel, iewers aan die stam van 'n boom, of nog half weggesteek onder die grond. Ons ken dit vanuit ons eie ervarings in die tuin: daardie groei wat skielik opkom so 'n entjie weg van die stam van die boom, sommer so as 'n loot uit 'n wortel. Dit is daardie deel van die boom waarvan ons nie weet hoe vinnig ons daarvan ontslae moet raak nie! So iets is vir

niks geskik nie. Dit ontsier my boom en my tuin. Weg daarmee! So het ons na die Kneg gekyk: nie gepas vir my nie, Hy ontsier net my lewe! Moet Hy nou die heerlikheid in my lewe bring?

“En soos 'n wortel uit droë grond”. Hierdie Kneg bars nie deur die aarde met die krag en mag van nuwe groei, met groot potensiaal nie. Ek sien Hom eerder in kleinheid, verskrompeld in die droë grond. Dit sal tog nooit iets kan word nie?! Hy is totaal onopvallend. Hoogstens kry Hy 'n bietjie simpatie by my, maar daarna gaan my oë verby, op soek na iets groots en heerliks! Waar is tog die groot Verlosser wat ek soek?!

En so groei hierdie Kneg op van kind tot man, en Hy kom in die sig van mense. Hy kom in *my* sig. Maar hy het geen gestalte of heerlikheid gehad nie. Ek het Hom gesien, maar daar was niks om te sien nie. Niks wat my hartspier aangeraak het om Hom liefde en respek te gee nie. Ons het op ander plekke gaan kyk: na daardie mense van statuur. Egte verlossers, wat met mag massas saamtrek agter hulle aan – groot en dominerende persone. Daardie mense waarmee jy graag wil hê dat jou naam geassosieer moet wees!

En tog, ook al is Hy nie iemand met wie ek my sou wou assosieer nie, elke keer weer loop ek Hom raak. Op die een of ander manier kon ek Hom tog nie uit my lewe ban nie. Want elke keer weer verskyn Hy aan die mense. En dit roep elke keer weer dieselfde reaksie op: Hulle verag Hom. Nee, en hiermee word dan nie in die eerste plek bedoel 'n emosionele verkleinerings reaksie nie. Maar ons het weer na Hom gekyk, en ons was al vinnig reg met ons oordeel: waardeloos.

Sommige voorsieninge van God is soos die Hebreeuse alfabet, dit kan beter agterstevoor gelees word

- Flavel

Is dit nie die hartsteek in ons teks nie? Dit is nie die heidene daar buite wat dit van Hom gedink het nie. *Ons*, sy kinders het Hom nie geag nie! Ek het verby my Verlosser gestap, en Hom afgemaak as nutteloos. Afgeskryf! Ek kon nie vinnig genoeg by Hom wegkom nie... Kyk tog na die Man!

'n Man van smarte, bekend met krankheid. Hy was 'n toonbeeld van menslike verganklikheid. By Hom hou menslikheid op. So erg was dit, hierdie pyn en moeite en siekte wat Hy gedra het, ons kon nog eerder 'n melaatse onder ons gehad het. Ek het my gesig vir Hom weggesteek, my kop omgedraai as Hy aangeloop gekom het, ander kant toe gekyk.

“Ja, sulkes is ongelukkig ook deel van ons samelewing. Maar waar is tog daardie magtige heerser wat bo die mense staan, wat verhewe is bo die menslike lewe, wat met sy groot krag en verhevenheid mense verlos uit die moeite waarin hulle sit?

Daar is Hy weer, die Lydende! Hy gaan heeltemal gebukkend onder die pyn en siekte. Dit is asof Hy die wêreld op sy skouers dra...”.

Nogtans

Wie kan tog glo dat hierdie *lydende* Kneg die magtige arm van die Here aan my wys?!

Niemand nie, behalwe hulle wat teenoor die verhaal van hulle eie hart wil vashou aan die verhaal van die Kneg se hart! Want dit is die heerlike woord waarmee vers 4 begin: *Nogtans!* Die hele evangelie van God se genade saamgevat in een woord: *Nogtans!* Ook al is dit hoe ek na Hom gekyk het: *Nogtans!* *Nogtans* het die Kneg *my* krankhede op *Hom* geneem, en *my* smarte, die het *Hy* gedra!

Nogtans!

Want skielik gaan die skrikwekkende van ons teks oop: hierdie Kneg van die HERE lyk so as gevolg van *my*. Ek het Hom gehou vir iemand wat deur God geplaag was, en was vinnig reg met my oordeel: Verseker, hierdie man het baie sondes, want kyk hoe word Hy deur God geslaan en verdruk. Kyk na al sy smarte en siektes! Terwyl ek eers so na Hom gekyk het, sien ek nou: dit is nie sy sondes waarom Hy so gebukkend deur die lewe gaan nie. Dit is *my* sondes wat Hy daar dra. *Ek* is die rede waarom Hy so gebukkend gaan. En daardie straf van God waaronder Hy wegsink, sodat hy die beeld van onmenslikheid is, dit is *my* straf wat Hy daar dra!

Terwyl ek so vinnig was om Hom te oordeel, was Hy besig om God se oordeel oor my weg te neem! Ek was so vinnig om Hom voor die oordeel van God in te skuif, en dit terwyl Hy daar uit vrye wil vir *my* gaan staan het.

Ek het gedink dat iemand wat so lyk en so ly, dat so iemand baie erg teen die Here moes gesondig het. En ondertussen ly Hy so erg en lyk Hy so omdat *my* sondes so groot is! Kyk wat het *ek* hom aangedoen!

En so vind ons die trane wat so wesenlik deel is van die evangelie: Kyk wat het ek u, my geliefde Verlosser Jesus, aangedoen! Hoe vuil, hoe verskriklik is my houding en my sonde!

Maar tegelyk vind ons groot lof en verwondering: Kyk, hier is die magtige arm van die HERE! Jesus Christus, Lydende Kneg van die HERE: in u sien ek God se magtige arm waarmee Hy my hele lewe verlos.

Halleluja! Ondanks my hart, het God die “nogtans” van Sy hart in my kom uitwerk.

Dit is beter dat ons gevange is en die Woord van God vry, as dat ons vry is maar die Woord van God gevange.

BEKEERDE IRAKEES WEET: EENDAG WORD EK VERMOOR

'Jou siekte, dis Christus, en daar is geen medisyne daarvoor nie.. Jy sal nooit daarvan genees nie!' Met daardie verwyte begin die outobiografiese boek *Duur betaal* wat Joseph Fadelle (skuilnaam vir Mohammed al-Moussaoui) geskryf het. Díe beskuldiging was van Fadelle se oom Karim, wat hom op 'n eensame plek in Jordanië, voor die oë van sy vier broers geskiet het. Maar op 'n wonderlike manier het Fadelle, wat as dood agtergelaat is, die aanslag op sy lewe oorleef.

Die ware relaas oor die onverdraagsaamheid van die Islam in Irak, is skokkend. 'Die wêreld moet weet wat dit beteken as mense soos ek vir die Christelike geloof kies', sê die Irakees op die vooraand van die bekendstelling van sy boek, wat inmiddels 'n topverkoper in Frankryk geword het. 'Slegs vanweë my geloofskeuse is ek vervolg, gevange geneem, gemartel en ter dood veroordeel. Net soos by die Mafia, word die uitgeworpene deur sy familie agtervolg. Maar die Islam is ook 'n bedreiging vir die wêreld. Niemand wat afstand doen van die Islam, mag bly lewe nie.'

'My verhaal is verteenwoordigend vir alle Moslems wat Christene word. En nie net in Irak nie. Hierdie maand het ons gesien dat ook in Egipte die Christene swaarkry. Die Islam is duidelik, die profeet Mohammed self het beveel dat elke afvallige doodgemaak moet word. Die toekoms is helder: die Midde-Ooste moet gesuiwer word van Christene. Voor die bloedige oorlog met Iran (1980 – 1988) het

daar ongeveer vier miljoen Christene in Irak gewoon. Voor die Amerikaanse inval in Irak (2003) was daar ongeveer een en 'n halfmiljoen, en nou is daar nog enkele honderdduisende, merendeels in die noorde en in die stede Mosul en Bagdad. Hulle is verja, het gevlug, terwyl juis hulle die oorspronlike bevolking van Irak gevorm het.'

Die probleem is nie die Moslems nie, maar die Islam self, beweer Fadelle. 'Moslems is mense soos ons. Christene moet hulle Islamitiese naaste liefhê. Moslems is vasgevang in die onverdraagsame idees van die Islam, en moet daaruit verlos word. Dis moontlik, omdat mens alles op internet kan vind. Vroeër moes jy met al jou vrae na die imam of moskee gaan; nou vind jy jou antwoorde op internet. Daarom is ek positief oor die toekoms van die Christene in my geboorteland Irak: internet is die begin van die einde vir die Islam.'

Ek voel juis klein teenoor al die ander wat regtig hulle lewe vir Jesus geoffer het.

Fatwa


Joseph Fadelle woon met sy vrou en twee kinders 'êrens in Frankryk', nadat hulle in 2001 die Franse staatsburgerskap ontvang het.

Hulle is nie regtig veilig nie. Fadelle weier enige foto. 'Daar is reeds 'n fatwa oor my uitgespreek. Daardie religieuse verordening bly altyd van

Dawid erken in Psalm 51:7 dat hy in sonde toegedraai was nog voordat hy in sy eerste klere toegedraai is

krag. My lewe is voortdurend in gevaar. Toe my boek in Frankryk verskyn het, het 'n geestelike leier gedreig om 'n jong seun van 13 met 'n mes na my te stuur, of desnoods 'n swerwer wat liever in die tronk sit as om op straat te bedel.'

'Jesus het gesê dat die wêreld nie die rooi mat vir Christene sal uitrol nie. Hulle sal gelowiges vervolgt, en daar is al baie gemartel en vermoor'.



'Dis 'n wonder dat ek hier sit, dat ek 'n boek kon uitgee en met u daaroor praat. Maar daar kom 'n dag dat ek deur Moslems vermoor sal word. Vir 'n Christen is die dood nie die einde nie, maar die begin van 'n nuwe lewe. Daardie wetenskap dat hulle my wil vermoor, maak my nie hartseer nie. Reeds tweeduisend jaar lank sterf Christelike martelaars vir hulle geloof. Jesus het ons gebied om met ons daad die goeie voorbeeld te stel; dan word jy heilig. My dood sal skok, omdat dit vrae oor die aard van die Islam gaan oproep.'

Satanies

'Voordat my boek uitgegee is, het ek baie kontak met Islamiete in Frankryk gehad. Omtrent ses mense het hulle rug op die Islam gedraai, al het hulle nie vir die Christelike

geloof gekies nie. Nadat die boek verskyn, en daar 'n onderhoud met my in die 'Le Parisien' verskyn het, was dit verby. Die sjeik met wie ek soms gesels het, het my laat weet dat hy nie meer met my wil praat nie, en het gesweer dat hy my sou laat ombring. Van Christene het ek verskillende reaksies gekry. Sommiges, wat met goeie Moslems bevriend was, het my nie geglo nie, en het volgehou dat die Islam menslik is. Weer ander het my beskou as 'n heilige of 'n profeet. Dit is regtig verregaande. Ek voel juis klein teenoor al die ander wat regtig hulle lewe vir Jesus geoffer het.'

'Christendom en Islam verskil net soveel van mekaar as hemel en aarde'.

'Die Islam roep op tot moord, diefstal, bedrog en alles wat sleg is vir mense. Sataniese gedagtegoed wat daarop uit is om die Christelike geloof te vernietig. Ek weet dat die vorige Amerikaanse president Bush gesê het dat die Islam 'n godsdienst van vrede is. Ek vra myself af hoekom hy dan nie 'n Moslem geword het nie. In geen enkele weergawe van die Koran staan dat die Islam 'n vredeliewende godsdienst is nie. Die Islam het vir 1400 jaar nie verander nie, maar in stand gebly, danksy die steun van maghebbers en politici, wat dink dat hulle steun aan die Islam vir hulle verkiesingswins sal oplewer.'

Vergewing

'Nee, ek is nie wraaksugtig nie. Vergewing is die heel moeilikste wat Christus van my gevra het. Ek bid daagliks vir die mense wat my pyn aangedoen het. My familie wil my dood hê, maar ek is lief vir hulle. Elke drie, vier maande bel ek vir my broer Hoessein in Irak. Ons telefoongesprekke is oppervlakkig. Ons vra na mekaar se welstand en swyg oor die geloof. Ek

As ek met vuil hande Christus omhels, dan word Hy nie vuil deur my nie, maar ek word skoon deur Hom.

- J Borgdorff

het dit 'n slag probeer aanraak, maar toe het my broer dadelik die telefoon neergesit.'

'Die eerste keer toe ek hom bel, nadat ek via Jordanië na Frankryk ontsnap het, het hy baie verbaas gereageer. Hy het saam met my oom Karim op my geskiet in 'n verlate Jordaanse vallei. Hulle het my sien val en gedink ek is dood. Het jy dan 'n koeëlwerende baadjie gedra?, het hy my gevra. Ek sê toe, nee, my baadjie is Jesus Christus. Toe sit hy dadelik die telefoon neer.'

'Ek koester geen haat teen Moslems nie, en ek het geen beswaar dat hulle na Europa kom nie. Hulle is vir my soos mense wat in 'n put geval het. Dit is ons plig om hulle daar uit te haal. Want as 'n Moslem bly soos wat hy is, kan hy nooit integreer en lief word vir sy nuwe

vaderland nie. Europese lande is demokraties, maar hulle moet besef dat as Moslems ooit in die meerderheid gaan kom, daar Islamitiese reëls gaan geld. Vir andersdenkendes word dit dan regtig gevaarlik.'

Christene moet hulle Islamitiese landgenote vra om die Koran baie sorgvuldig te lees, sê Fadelle ten slotte.' So het my bekering in 1987 begin: met die grondige lees van die Koran. Moslems moet eerlik wees met hulleself oor wat die inhoud van daardie boek aan hulle doen. Elke teks in die Koran het 'n rede, en vra altyd vir interpretasie. Wie goed lees, sal met 'n skok ontdek wat die Islam werklik beteken: 'n geloof wat oproep om andersdenkendes dood te maak.'

SKRIKWEKKENDE ONTHULLINGS OP DIE LAASTE DAG?

AN Hendriks

Dit is opvallend dat die Apostoliese Geloofsbelydenis doelbewus die woord "oordeel" kies om die doel van Christus se wederkoms aan te dui. Dit kon ook ander dinge noem, byvoorbeeld die bruijlofsmaal van die Lam, die ryk van Christus en die ewige vreugde waarvoor daar in die Nagmaalsformulier gepraat word.

Die Apostoliese Geloofsbelydenis rig egter ons aandag op die koms van Christus as Regter om die lewendes en die dooies te oordeel.

Ewe opvallend is dat die Heidelbergse

Kategismus hierdie koms van Christus as Regter as besonder troosvol beskou. Vraag 52 lui inderdaad: "*Hoe word jy getroos deur die wederkoms van Christus om die lewendes en die dooies te oordeel?*"

Die vraag ontstaan: is die koms van Christus ten oordeel wel so troosvol? Paulus skryf immers dat ons almal voor die regterstoel van Christus sal verskyn (2 Kor. 5:10) en dat "*elkeen se werk ... aan die lig (sal) kom*" (1 Kor. 3:13). Die jongste dag sal die dag wees van die openbaring van die Here Jesus (2 Tess. 1:7), maar eweneens van óns openbaring.

Ek rus in die oortuiging dat elke woord van Christus waar is. En dit wat ek nie verstaan nie gee ek oor aan sy genade, in die verwagting dat ek dit na my dood sal verstaan

- Johannes Huss

A.A. van Ruler beskryf in dié verband hoe alles aan die groot klok gehang word. Die hele bondel vuil wasgoed word uitgehang; almal kan dit sien: daar vind verskriklike onthullings en publikasie plaas. Die laaste oordeel lyk soos één groot skandaalblad ... en ons staan almal daar. Ons moet almal erken dat alles waar is, net soos dit uit die boeke voorgelees word. Ons gewetens word uitgedop.

Is daar nog sprake oor die troos van sy wederkoms as die openbaring van Christus vir ons sulke verskriklike onthullings meebring? Is daar nie dan méér aanleiding tot die vrees wat klink in die Middeleeuse lied oor die *dies irae*, die dag van toorn nie?

*"Dag van skrik wat aan sal breek,
as die Regter reg sal spreek
en die kwaad op aarde wreek"?*

Daar ontstaan nou nog 'n vraag. Ons bely met die Geloofsbelydenis die vergewing van sondes. Die Heidelbergse Kategismus sê in antwoord 56 dat hierdie vergewing só groot is dat God aan al my sondes nooit meer wil dink nie. Hoe klop die sterk uitspraak van die Heidelberger daarmee dat al ons vuil wasgoed aanstons uitgehang word? Is ons sonde dalk nie regtig weg nie en kom die Here weer op alles, en dit selfs in die openbaar, terug?

Is dit moontlik dat ons *sonder verskrikking* voor die regterstoel van Christus kan verskyn?

Dit is dan met hierdie vrae waarmee ons ons hier sal besighou, want ek dink dat baie van God se kinders hieroor tob.



Vergewing

Die grootste gawe van die nuwe verbond in Christus se bloed is *die vergiffenis van die sonde* (vgl. Luk.22:20). Dit is reeds in die Ou Testament geprofeteer (Jer. 31:34; Miga 7:19).

Ook Israel het vergifnis geken (Ps. 32:1; Ps. 130:4), maar die regsgrond vir die vergifnis moes nog (deur Christus) gelê word. Tot dit gebeur het, het God genoeg geneem met die bloed van diere (Lev. 17:11). Die bloed het versoening bewerk, dit het "*heilig gemaak*" (Heb. 9:13), maar dit het nie die sonde weggeneem nie (Heb. 10:14). Christus het ook gekom tot "*verlossing van die oortredinge onder die eerste testament*" (Heb. 9:15).

Israel het in die vergewing, wat eers deur die offer van Christus betaal sou word, gedeel. 'n Mens sou kon sê dat Israel die vergewing "*op krediet*" ontvang het. Die bloed het " 'n

Christenskap ken geen 'hopelose gevalle' nie. Dit bely die moontlikheid dat God die mees gebuigde stok reguit kan maak, en dat Hy met 'n nuwe krag die donkerste steenkool in 'n diamant kan verander.

- Alexander Maclaren

skaduwee" van die offer van Christus" (Heb. 10:1). Dit beeld sy versoenende bloed uit en wys daarna heen.

Wat die Ou Testamentiese offerdiens nie kon bewerk nie, word deur Christus gebring. Wanneer Hy verskyn, word die profesieë van Israel se profete vervul. Sagaria jubel in sy lofsang oor die heil wat bestaan in die vergifnis van sondes (Luk. 1:77). En Johannes mag met sy doop die volk gereed maak om die vergewing van sondes te ontvang (Mark. 1:4). Die Heiland dra die naam *Jesus*, omdat dit Hy is wat sy volk van hulle sondes sal verlos (Matt. 1:21). Ons hoor dan ook hoe Jesus sondes vergewe (Mark. 2:5; Luk. 7:48). Later gee Hy sy apostels die opdrag om met die blye boodskap van vergifnis die wêreld in te gaan (Luk. 24:47). Vir Paulus bestaan die verlossing deur die bloed van Christus kort en klaar in die vergewing van die oortredinge (Ef. 1:7).

Dit is dan ook hierdie boodskap wat die hart vorm van wat ons Sondae in die kerk mag hoor. Prediking is onderwysing, waarskuwing en vertroosting, maar dit lê alles rondom die kern van wat daar op die preekstoel verkondig word. Wat hierdie kern is, leer ons in Sondag 31 van die Kategismus: in die prediking word aan die gelowiges "*openlik betuig dat al hulle sondes hulle waarlik deur God ... vergewe is*". Wie glo mag in die kerk God se vrypraak hoor!

A. L. Th. De Bruijne verbind die regverdiging met die verskyning van Christus om te oordeel. By die laaste oordeel sal ons vrypraak klink. In die hede gee die Gees aan ons 'n voorskot op dié werklikheid. In die geloof aan die evangelie van Jesus se opstanding, vertrou ons dat Hy ons *dan* sal vryspreek.

Dit kom my voor dat ons vrypraak nie enkel beskou moet word as 'n uitspraak wat voor ons

lê, maar wat, in die verbondenheid met Christus, nou reeds aan ons bekend is, nie. Die Nuwe Testament spreek sterker. Paulus skryf dat "*ons uit die geloof geregverdig is*" (Rom. 5:1) en Johannes sê dat die sondes ons "*vergewe is om sy Naam ontwil*" (1 Joh. 2:12).

Die verhouding tussen die laaste oordeel en ons vrypraak nou, sal nog hieronder ons aandag kry. Ek kan dit egter nie anders sien nie as dat ons nou reeds God se vrysprekende vonnis in die prediking mag hoor. Paulus praat oor die regverdiging in die teenwoordige tyd. Hy spreek oor Hom "*wat die goddelose regverdig*" (Rom. 4:5) en spreek saam met Dawid dié mens salig "*aan wie God geregtigheid toereken*" (Rom. 4:6). Dit gaan, in die woorde van Calvyn, om "*gedurige vergiffenis*" en "*by herhaling kwytskeld*", iets wat steeds weer in die prediking aan ons verkondig word en wat ons in die geloof mag aanneem.

Op dié dag sal God se genadewerk in en aan hulle blyk: sy werk in vergewing en heiliging.

Word ons vuil wasgoed eendag in die openbaar gewas en ons sondes aan die groot klok gehang?

Wat die Skrif oor *vergewing* sê, skyn dit te weerspreek. Wanneer die Here vergewe "*verwyder Hy ons oortredinge van ons*" (Ps. 103:12), Hy maak die sonde wit soos sneeu (Jes. 1:18), Hy bedek dit (Ps. 32:1) en dink daaraan nie meer nie (Jer. 31:34). Hoe buitengewoon groot God se vergewing is, hoor ons in die Skrif nouliks meer indringend as in Miga 7:18 en 19: God "gaan" die oortredinge "verby" (Hy loop daaromheen), Hy sal "*ons ongeregtighede vertree*" (Hy vertrap dit in die

Die antitese (teenstelling) is nie tussen Christus en kultuur, tussen Christus en kuns, Christus en musiek, Christus en wetenskap nie. Die antitese is tussen Christus en die Satan, die werk van Christus en die werk van die Satan.

- L Van den Heuvel

grond), ja, Hy sal al ons sondes "*in die dieptes van die see werp*" (Hy werp dit weg sodat dit nêrens gevind kan word nie). Dit is dus volkome in ooreenstemming met die Skrif wanneer die Kategismus in antwoord 56 sê dat God *nooit meer* aan ons sondes wil dink nie!

Wanneer God se vryspraak wat ons nou reeds mag ontvang, neerkom op so 'n vergewing dan is dit maar moeilik te rym met Van Ruler se gedagte oor die vuil wasgoed. As Van Ruler reg

Hy sal ons in die openbaar erken as syne, as mense wat sy evangelie geglo en daaruit geleef het.

is, is dit nie waar dat die Here nooit meer aan ons ongeregthede dink nie – hulle is dan nog in die hemelse boeke opgeskryf en word eendag weer op die tapyt gebring. So 'n gedagte moet by God se kinders skrik wek. Hoe is dit dan moontlik dat vervul kan word wat by ons doop gebid is: dat ons *sonder verskrikking* voor die regterstoel van Christus mag verskyn?

Voor Christus se regterstoel

God self is die groot Regter voor wie ons almal "*gestel*" sal word (Rom. 14:10). Aan Hom sal ons rekenskap gee (Rom. 14:12). Dit is Hy "*wat gereed staan om die lewende en die dode te oordeel*" (1 Pet. 4:5). Johannes het die hele mensheid voor God se troon sien staan (Openb. 20:12).

Die Vader het egter die uitspraak van die laaste oordeel aan die Seun toevertrou (Joh. 5:22). Christus is deur God as Regter aangestel (Hand. 10:42). Juis omdat Hy die Seun van die mens is, het Hy die mag ontvang om te oordeel (Joh. 5:27). Hy wat die Redder van die wêreld is, is

ook sy Regter. Ons sal dan ook almal voor die regterstoel van *Christus* verskyn (2 Kor. 5:10).

Uit die Nuwe Testament kry ons die indruk dat die eindoordeel wel oor alle mense gaan, maar dat die gelowiges tog anders voor die regterstoel verskyn as die ongelowiges. Dit blyk dat daar, reeds op pad na die regterstoel van Christus, 'n *skeiding* bewerkstellig word. Wanneer die Here Jesus terugkom om te oordeel, gaan die gelowiges Hom tegemoet in die lug (1 Tess. 4:17). Hy sal sy engele uitstuur om sy uitverkorenes te versamel (Matt. 24:31). Hierdie skeiding bestaan ook wanneer die Heiland sy regterstoel bestyg. Die "skape" word van die "bokke" geskei (Matt. 25:32, 33). Die eerste verskyn by sy regterstoel as "*die regverdiges*" (Matt. 25:37) en word aangespreek as "*julle geseëndes van my Vader*" (Matt. 25:34).

Die skeiding het sy ontstaan by die lewe wat op aarde geleef is. Hierin is hoe ons ons verhouding tot *Christus* uitgeleef het, beslissend. Dit blyk sterk uit die volgende uitspraak: "*Dit is die werk van God, dat julle in Hom glo wat Hy (die Vader) gestuur het*" (Joh. 6:29); "*... dit is sy gebod, dat ons in die Naam van sy Seun, Jesus Christus, moet glo*" (1 Joh. 3:23); "*Hy wat in Hom glo, word nie veroordeel nie; maar hy wat nie glo nie, is alreeds veroordeel omdat hy nie geglo het in die Naam van die eniggebore Seun van God nie*" (Joh. 3:18). Veral die laaste teks maak dit duidelik dat die aanstaande skeiding volledig teruggaan op wat op aarde ten opsigte van Christus gedoen is. Wie in Hom glo, kom nie in die gerig nie (Joh. 5:24), maar wie in Hom nie glo nie is al gevonnissen en is reeds onder die toorn van God (Joh. 3:36).

Ons mag die beskouing daarop nahou dat die gelowiges as "*regverdiges*", as "*van die oordeel bevry*", as Christus se "skape" voor sy regterstoel verskyn. Daar sál rekenskap gevra

'n Mens kan oor Christelike ervaring praat soveel jy wil, maar sonder die Christelike leer as wortels, is dit soos gesnyde blomme wat jy in die grond druk – dit sal verlep en doodgaan

- J.C. Ryle

word (Heb. 4:13), die Here sál "sy volk oordeel" (Heb. 10:30), daar sál 'n onthulling wees (2 Kor. 5:10), maar vir die gelowige sal dit 'n *genadige* onthulling wees. God sal die diepste werklikheid van hulle lewe aan die lig bring: die liefde tot die Here Jesus, die geloof in sy Seun.



Dit is alles reeds aan God bekend. Alles is immers "*oop en bloot*" voor hom (Heb. 4:13). Maar dit sal dan in die openbaar onthul word. "Die bedoelinge" van die mensehart sal "openbaar" gemaak word (1 Kor. 4:5).

Voor Christus se regterstoel word ook die *heiliging* van God se kinders openbaar. Dit is waar: sonder heiligmaking sal niemand die Here sien nie (Heb. 12:14). Ons sal geoordeel word volgens ons werke (Openb. 20:13) en volgens wat ons "*deur die liggaam verrig het*" (2 Kor. 5:10). Maar daar is "*goeie werke wat God voorberei het, sodat ons daarin kan wandel*" (Ef. 2:10). Aan die bruid is gegee "*om bekleed te wees met rein en blink fyn linne, want die fyn linne is die regverdige daade van die heiliges*" (Op. 19:8). Dit is die werk van die Heilige Gees, "*die Gees van heiligheid*" (Rom. 1:4), om die gelowiges met die fyn linne te bekleed. Hy laat sy "vrug" in hulle lewe ryp word en werk in hulle om die wil van die Vader te

doen (Matt. 7:21).

Daar is 'n intense eenheid tussen die maatstaf van ons verhouding tot Christus, dit wil sê ons geloof in Hom, en die werke waarvolgens ons geoordeel sal word, want die werke is die werke *van dié geloof*. Die geloof in die Here Jesus manifesteer in dié werke (Gal. 5:13). Die geloof word eers "*volkome*" uit hierdie werke (Jak. 2:22): eers as daar werke by is, is die geloof werklik geloof. Dit is as't ware die proef op die som. Dáárom is daar ook die oordeel volgens wat ons "*deur die liggaam verrig het*". Want uit die lewe wat ons geleef het, blyk of ons die Here Jesus in geloof liefgehad het.

Onberispelik

Dat ons bekleed met die fyn linne van die regverdige daade van die heiliges voor die regterstoel mag verskyn, kom ook na ons in die plekke waar die Nuwe Testament spreek oor *onberispelik* wees op die dag van Christus.

Paulus skryf in Filippense 1:10 en 11: " ... sodat *julle rein en onberispelik mag wees, tot op die dag van Christus, vervul met die vrug van geregtigheid ...* ". Die woordjie "rein" (*eilikrineis*, letterlik: in die sonlig gekeur) wys meer op innerlike reinheid, terwyl die apostel met "onberispelik" (*aproskopoí*, letterlik: waaroor niks aangemerkt kan word) meer dui op die uiterlike lewenswandel. Groei in liefde lei daartoe dat die Filippense sal beantwoord aan die eis van die dag van Christus: dat hulle rein en onberispelik sal wees, *vervul met die vrug* (van die Gees) wat bestaan in 'n regverdige lewenswandel. Hart én lewe moet aan die eis van dié dag voldoen. Ons vind ongeveer dieselfde in Kolossense 1:22 : Christus het die gelowiges versoen om hulle "*heilig en sonder gebrek en onberispelik voor Hom te stel ...* ". Die woorde wat Paulus hier

Die Skrif is die mees nuwerwetse en relevante boek in enige tyd van 'n mens se lewe

- J Packer

gebruik, herinner aan wat vir die offerdiere onder die ou bedeling gegeld het (Heb. 9:14; 1 Pet. 1:19). Opnuut word verkondig dat die gelowiges mense is oor wie niks aan te merk is nie. Ons hart en lewe kom by Christus se regterstoel ter sprake, maar dit hoef die ware gelowige nie te verontrus nie. Paulus bid dat God die Tessalonisense sal laat toeneem in die liefde "*sodat Hy (hulle) harte kan versterk om onberispelik te wees in heiligheid voor onse God en Vader by die wederkoms van onse Here Jesus Christus met al sy heiliges*" (1 Tess. 3:13; vgl. 5:23). Judas skryf oor Hom wat ons vir struikeling kan behoed en "*sonder gebrek (= onberispelik) voor sy heerlijkheid ... stel met gejuig*" (Judas: 24).

Om onberispelik te wees blyk selfs iets te wees waartoe die gelowiges hulle nou reeds tot die uiterste moet inspan: "*Daarom, geliefdes, terwyl julle hierdie dinge verwag, beywer julle dat julle vlekkeloos en onberispelik voor Hom bevind mag word in vrede*" (2 Pet. 3:14). Eens kom God se proef. Eens sal dit "blyk" hoe dit met ons gesteld is. Dit moet ons dring tot heilige wandel en godsvrug.

Die woord "onberispelik" kan tot misverstand lei. Ons dink maklik aan sondeloosheid. Maar dit word nie in die eerste plek met dié woord bedoel nie. Die mens wat die Here opreg vrees, is onberispelik (vgl. Gen. 6:9; 17:1; Deut. 18:3; Ps. 101:2, 6; Spr. 2:7; Luk. 1:6). Dit gaan om "*wandel in die wet van die Here*" (Ps. 119:1) en "*doen wat reg is*" in sy oë (Ps. 15:2). Wie as die "regverdige" van die Psalms leef, is "onberispelik": beide aanduidings word in één asem genoem (vgl. Gen. 6:5; Luk. 1:6).

Onberispelik wees, is dus nie net 'n toekomstige saak nie. Hier op aarde mag en moet God se

kinders reeds onberispelik wees. Van die volgelinge van die Lam word dan ook, in terugblik op hul stryd op aarde, getuig: "*En in hulle mond is daar geen bedrog gevind nie; want hulle is sonder gebrek (= onberispelik) ...*" (Op. 14:5).

Dit is hierdie onberispelikheid wat sal blyk, aan die lig kom, op die jongste dag. God se kinders verskyn dan as mense wat met al hulle swakheid en struikeling die Here gevrees en op sy weg gegaan het. Die hemelse Regter sal dit erken. Die werk van die Gees in die lewe van sy kinders sal nie misken word nie.

Wie in Christus bly en as "regverdige" leef, sal dan wanneer Christus en hyself ook geopenbaar word, " ... *vrymoedigheid kan hê wanneer Hy verskyn en nie beskaamd van Hom weggaan by sy wederkoms nie*" (1 Joh. 2:28). Hy sal selfs "*met gejuig*" voor die hemelse Majesteit staan (Judas:24). Daar sal oorweldigende blydskap vir God se kinders wees wanneer hulle hart en lewe eens voor Christus se troon onthul word!

**Op die jongste dag sal die
vrypraak *bevestig en openbaar*
gemaak word.**

Tweërlei onthulling

Wat Van Ruler skryf oor die groot onthulling is in teenstelling met wat ons in die Skrif gevind het. Ek stem nie saam dat ons vuil wasgoed uitgehaal en alles aan die groot klok gehang sal word, en dat dáárom vir God se kinders sprake is van 'n "verskriklike onthulling en publikasie" nie.

Sekerlik lees ons dat die mense van elke ydele woord rekenskap sal gee in die oordeelsdag (Matt. 12:36), dat daar niks bedek is wat nie ontdek sal word nie (Matt. 10:26), dat die Here

Buiten geloof is daar niks wat die waarheid kan verstaan nie

- M Luther

die verborge dinge van die duisternis in die lig sal bring en die menseharte binnestebuite sal keer (1 Kor. 4:5), dat daar iemand is voor wie ons rekenskap sal moet gee (Heb. 4:13) en dat elkeen van ons dan vir homself aan God rekenskap sal gee (Rom. 14:12).

Maar dit moet ons nie só verstaan dat ons vuil wasgoed aan die lyn gehang word nie. Die tekste is elkeen 'n vermaning wat ons wil aanspoor om inderdaad "onberispelik" te lewe.

Ons vergeefde sondes sal ons nie verskrik of beskaamd laat staan nie, maar tot dank en aanbidding bring

Dit is dringende waarskuwings om die laaste oordeel ernstig op te neem en te besef dat daar 'n regterstoel kom.

Wie nie in Christus glo en uit Hom leef nie, kom in die oordeel. Van hom sal van sy gedrag rekenskap gevra word. Mense mag dink dat daar geen God is wat tot verantwoording roep nie (vgl. Ps. 10:4), maar hulle vergis hulle. God vergeet nie hulle dade nie en eens sal die boeke geopen word (Op. 20:12). Die vuil wasgoed kom inderdaad eendag op die lyn. Alles word ontmasker (Ef. 5:13). En dit sál 'n verskrikking wees vir almal wat Christus verbygegaan het en nie met sy Woord gereken het nie.

Maar hierdie *beskamende en skrikaanjaende* onthulling word God se kinders gespaar. Hulle verskyn as "regverdiges", as "heiliges" voor Christus se regterstoel. Hulle openbaring sal vreugdevol wees. Want hulle mag voor Hom verskyn as mense wat hulle klere gewas en wit gemaak het in die bloed van die Lam (Op. 19:14) en hulle laat beklee het met die fyn linne van die regverdige dade van die heiliges (Op. 19:8). Op dié dag sal God se *genadewerk* in en

aan hulle blyk: sy werk in vergewing en heiliging.

Daar was ook in hulle lewe vuil wasgoed. Maar dié sal blyk geheel gereinig te wees deur die bloed van Christus. Die *reiniging* sal aan die lig kom, die "*met die bloed en Gees van Christus gewas te wees*" (vgl. Vraag en antwoord 70 van die Heidelbergse Kategismus). Terselfdertyd sal aan die lig kom *waarvan* hulle gereinig is. Dit sal openbaar word waarvoor ons alles vergewe is en hoe die Heilige Gees ons geheilig het. En dit tot die groter glorie van God.

Ek sluit graag aan by wat gereformeerde Leidense teoloë uit die sewentiende eeu sê: "*Die sondes van die vromes, waarvoor hulle deur Christus vergewing ontvang het, word nie uitgesonder nie en word ook openbaar gemaak, maar só dat dit geen beskaming bring nie, maar veeleerder onmeetlike vreugde. Hierdie vreugde kom daaruit voort dat, weens soveel vergeefde sondes, so 'n grootheid van God se goedheid teenoor hulle blyk. So sal die herinnering van die sonde nie tot straf of ter opheffing van die heerlijkheid wees nie, maar tot danksegging*".

Ons kan dit nie nou al goed begryp nie: 'n Onthulling van ons verlede wat vreugde en lof bring? Maar ons het nog maar 'n "beginsel" van die ewige vreugde en dit is nog nie geopenbaar wat ons sal wees nie (1 Joh. 3:2). Ons dink oor dié dinge veelal vanuit onself en met ons maatstawwe. Maar wat vir ons nou nog beangstigend lyk, sal nie dán beangstigend wees nie, want die eer en die lof van God sal ons totaal beheers. Dié eer en lof sal uitstraal wanneer onthul word hoeveel kwaad ons vergewe is en wat die Gees van ons lewe gemaak het.

Ek wil hier wys op God se besluit van verwerping. Kan daar aanstons vreugde by ons wees terwyl sovele vir altyd gepynig sal word? Is

Gebed is die hartklop van die geloof. Daarom leef die kerk vanuit gebed.

- GJC Jordaan

dit moontlik: blydschap in die hemel, terwyl daar onvoorstelbare leed in die hel is? God se besluit van verwerping is vir ons nou nog – met Calvyn se woord – huiweringwekkend. Maar ek herinner aan die woorde van Augustinus: dit sal straks amen en halleluja wees. Ons sal die Here prys oor *al* sy werke (vgl. Op. 19:1, 2). Ook oor sy besluit van verwerping. Wat ons ons nou nog nie kan voorstel nie, sal dan werklikheid wees. So sal dit ook wees wanneer ons vergeefde sondes aan die lig kom. Dit sal ons nie verskrik of beskaamd laat staan nie, maar tot dank en aanbidding bring. En die lied van die Lam (Op. 15:3) sal weerklink, die lied oor Hom wat ons sonde op Hom geneem het en wie se bloed ons geheilig het.

Openbare bevestiging

Daar is nog een vraag in hierdie verband wat beantwoording vra. Wat is die verhouding tussen ons vryspraak nou, en die laaste oordeel? Wanneer ons in hierdie lewe deur die geloof reeds vergewing van sondes ontvang, wat gebeur dan by God se regterstoel?

G. C. Berkouwer skryf: "*In die laaste oordeel (die dag) vind nie 'n ánder, tweede, gerig plaas nie, maar word die werklikheid van hierdie krisis in die aardse lewe – teenoor Jesus Christus – ten volle onthul en bo alle twyfel en onduidelikheid gestel.*" L. Floor gaan ook in dié rigting wanneer hy sê dat die skeiding wat hier op aarde reeds tot stand kom "*helder aan die lig sal kom*". Terselfdertyd voeg hy hieraan toe dat die skeiding ook "*bevestig*" word. A. Kuyper versterk die laasgenoemde wanneer hy "*die publieke*

afkondiging voor alle engele en magte en skepsels" sien as die laaste stadium van ons regverdiging. H. Bavinck praat van "*die voltooiing*" van ons regverdiging "*wanneer God in die laaste oordeel sy vonnis van vryspraak ten aanhore van die ganse wêreld herhaal ...*". Die Groot Kategismus van Westminster (1647) verwys na "*publiek erken en vrygespreek word*".

Ek dink dat daar waarheid in al hierdie aanduidings is. Die mooie hiervan is dat dit die woord van vryspraak wat nou in die prediking gehoor mag word, ernstig neem. Wie daardie woord glo, besit die vryspraak. Die apostel Johannes sê met groot stelligheid: " ... *die sondes is julle vergewe om sy Naam ontwil*" (1 Joh. 2:12). Die vryspraak is nie iets wat nog voor ons lê nie.

Op die jongste dag sal die vryspraak *bevestig en openbaar gemaak* word. As Regter sal Christus ons voor sy Vader (Matt. 10:32) en voor die engele van God (Luk. 12:8) bely. Dit gaan in hierdie Skrifgedeeltes (vgl. Ook Op. 3:5) oor wat Hy in die eindgerig sal doen. Hy sal ons in die openbaar erken as *syne*, as mense wat sy evangelie geglo en daaruit geleef het.

Van Ruler is korrek: daar vind onthulling en publikasie plaas. Maar nie van vuil wasgoed of 'n skandaalblad nie. Wel van dié vryspreekende vonnis wat ons hier op aarde reeds mag hoor en in die geloof ons eie maak. Só sorg die Here dat ons aanstons nie dodelik verskrik nie, maar "*met gejuig*" (Judas:24) voor Hom staan!

Daar is niks erger as die misbruik van God se Naam nie.

- Chrysostomus

WAAROM GROEI MY GELOOF SO MIN?

K Runia

Ons kultuur is in 'n stroomverversnelling. Dit bring angs, onsekerheid en twyfel. Maar nie net die kultuur nie, ook geloof kom in gedrang.

Dit is nie die eerste keer dat dit gebeur nie. Aan die begin van die twintigste eeu het Prof. Dr. H Bavinck geskryf dat 'twyfel' die sielsiekte is van die eeu, en dit bring 'n hele reeks sedelike ellende met hom saam (*De Zekerheids des Geloofs*, 1901, 8). Tog is daar 'n aanmerklike verskil tussen 1901 en 1996. Toe Bavinck geskryf het, het hy veral gedink aan die wêreld buite die kerk, al noem hy ook die 'moderne' teoloë van sy tyd. In sy eie kerk (die Gereformeerde Kerken), was op daardie tydstip nog duidelikheid oor die verbondenheid aan die waarheid van God se Woord en die gereformeerde belydenis. Hy wou sy medegelowiges waarsku om nie die gevaar van hierdie 'twyfelsug' te onderskat nie.

Baie mense in ons kerke word vandag ook geraak deur die vloedgolf van sekularisasie (verwêreldliking) wat sedert die sestiger jare oor die weste en Westerse kerke gebreek het. Die 'atmosfeer' van sekularisasie, gekenmerk deur vervreemding van God, geloof en kerk, is vir baie gelowiges 'n belemmering in hulle geloofsgroei. Baie het die gevoel dat alles van hulle weggeveem word, sonder dat iets in die plek daarvan gestel word.

Ek is gevra om op *spesifieke* belemmerings in te gaan. Ek wil dit graag doen, maar moet meteen daarop wys dat elke mens uniek is, en by een mens heel ander faktore 'n rol speel as by 'n

ander. Dit kan ook wees dat dieselfde faktore by verskillende mense 'n ander rol speel. Die leser sal dus self in die spieël wat ek hom voorhou, moet kyk en vir homself nagaan watter van die faktore sy *eie* geloofslewe raak.

Die grootste belemmering in ons geloofsgroei lê waarskynlik in die dinge wat ons *nalaat*.

Wêreldgelykvormigheid

Hierdie woord, wat mettertyd ouderwets geword het, kom ons nog teë in die vertaling van Rom. 12:2: "*Word nie aan hierdie wêreld gelykvormig nie*" (AOV). Vroeër het ons presies geweet wat om daaronder te verstaan. Ouderlinge het, by wyse van spreke, met 'n vaste lysie van verbode sake op pad gegaan: dans, toneel, lidmaatskap van neutrale (nie-christelike) organisasies en die lees van neutrale koerante was verbode. En dan is al te gou aanvaar dat iemand wat hom by hierdie lysie hou, nie wêreldgelykvormig is nie. Kyk ons vandag daarop terug, besef ons dat dit 'n oorvereenvoudiging was. Wêreldgelykvormigheid is nie 'n kwessie van 'n paar uitwendige dinge nie, maar 'n saak van die *hart*. 'n Beter vertaling van die woorde van Paulus is miskien: 'Moenie saam loop in die gareel (harnas) van hierdie wêreld nie'. Ek dink dat ons soms veel meer aan die 'gareel' (letterlik 'skema') verbonde is as wat ons besef. Ons kultuur is vandag deurdring van individualisme en outonomie. Alles is gerig op die 'ek', en

Wie probeer om nederig te wees, is nog veels te besig met homself. Ons word nederig wanneer ons met Christus besig is.

daardie 'ek' moet maar uitmaak hoe hy wil lewe. As die 'ek' maar gelukkig is Reklame het voortdurend 'n invloed en voor ons dit weet, word ons beheers deur die verbruikersdrang wat so kenmerkend is van die hele Westerse kultuur.

'n Mooi huis, 'n duur motor, buitelandse vakansie (liefste 'n paar keer per jaar) ens. en ander dinge wat aan my status gee of dit bevestig, word die belangrikste dinge in my lewe. Nie een van hierdie dinge is opsigself sleg of verkeerd nie, maar hulle kan so maklik afgode word wat ek ten koste van my God dien – al gaan ek ook hoe getrou elke Sondag kerk toe. In sy boek, *Is dit moeiliker om vandag te glo?*, wys Ds. J. Overduin daarop hoe vinnig ons in die daaglikse lewe in wêreldse patrone dink. Hy wys daarop hoe vinnig ons ons besluite en lewensverhoudings laat bepaal deur dit waaraan ons sin het of nie sin het nie, wat vir ons die voordeligste is, wat ons in eie belang ag, deur wat mense sê of van ons verwag, in plaas van deur wat God van ons wil en verwag (op pp. 100, 101).



dikwels objektief van aard. Vandag word mense, ook in die kerk, gekwel deur vroeë soos: is dit wáár wat in die Bybel staan? Het ons nie te doen met 'n boek oor menslike ervarings uit vroeë dae nie? Is ons ervaring nie anders nie? Vroeë het die bestaan van God, altans vir kerkmense, soos 'n paal bo water gestaan. Vandag stel mense toenemend die vraag: bestaan God werklik? Volgens baie wetenskaplikes is daar immers geen enkele rede om te glo dat daar 'n God is wat alles geskep het en deur sy voorsienigheid alles in stand hou nie. Op skool al hoor ons kinders dat die heelal deur evolusie ontstaan het en dat ons, mense, die resultaat is van 'n lang ontwikkeling uit die diereryk. Die hele ontwikkeling het blykbaar so verloop dat aan die einde daarvan die denkende mens (die '*homo sapiens*'), toevallig te voorskyn gekom het. 'n Ander algemene vraag is waarom jy God om genesing sou vra as jy siek is. Moderne geneesmiddels werk immers sonder gebed ook!

'Boesemsondes'

Tog lê die meeste en grootste belemmering vir ons geloofsgroei *in onself*, en wel op twee maniere: in dit wat ons *doen* en in dit wat ons *nalaat*. By die eerste dink ek by name aan die toegee aan bepaalde sondes. Byna elkeen van ons het las van wat ons vroeë boesemsondes genoem het. Volgens Van Dale se woordeboek is dit lankgekoesterde, ingewortelde sonde. Dit is altyd heel persoonlik, en het by elke mens 'n eie kleur. Vroeë was ons nogal geneig om by die

Twyfel

Die geloof word vandag ook inhoudelik sterk aangeveg. Baie mense het las van twyfel. Dit is ook nie iets wat eie is aan ons tyd nie. Bavinck het dit reeds in 1901 gehad oor 'twyfel' as 'n 'sielsiekte' van sy tyd. Tog is dit vandag anders as vroeë. In die verlede was die twyfel dikwels subjektief van aard. Dit het gegaan oor vroeë soos: Hoort ek hierby? Is die belofte van die evangelie ook vir my? Vandag is die twyfel meer

Niks is per toeval in God se Woord opgeskryf nie. Daar is 'n spesiale rede vir die keuse van elke uitdrukking.

woord 'boesemsondes' by name aan seksuele sondes te dink. Dit het saamgehang met die feit dat daar in die Westerse kultuur sedert Augustinus iets verdags aan seksualiteit kleef.

Hiermee wil ek nie ontken dat by sommige mense die boesemsonde waarskynlik van seksuele aard kan wees nie. Die seksuele drang is een van die sterkste in ons lewe. Maar die boesemsonde kan net so goed van 'n heel ander aard wees. Soos, byvoorbeeld, arrogansie, opvlieëndheid, kwaadsprekery, hebsug, ens. Ons moet in besonder in dié verband 'n slag noukeurig in ons eie spieël kyk!

Nalatigheid

Die grootste belemmering in ons geloofsgroei lê waarskynlik in die dinge wat ons *nalaat*, dus in *nie doen*. Ons weet almal dat ons geloof nie kan groei as ons ons nie oopstel vir *die Heilige Gees en sy werk* nie. Die Heilige Gees het baie pyle aan sy boog, maar doen altyd sy werk in samehang met *God se Woord*. Dié Woord kan ons onderskei in drie gestaltes.

Primêr en sentraal is die Woord wat God in *Jesus Christus* gespreek het. In Hom het God op so 'n manier tot ons gespreek dat ons nou werklik weet dat Hy daar is en hoe 'n God Hy is. By geloof kom alles dan ook aan op ons verhouding met Jesus Christus. Behoort ons werklik aan Hom? Glo ons werklik in Hom? Dit wil sê, op 'n heel persoonlike wyse? Is ons werklik bereid om ons kruis agter Hom aan te dra? Weet u, Jesus het ons nooit 'n gemaklike lewe beloof nie. Vir sy dissipels het Hy gesê dat Hy nie gekom het om vrede te bring nie, maar die swaard (Matt. 10:34). En Hy verduidelik dit só: *'Wie vader of moeder bo My liefhet, is My nie waardig nie; en wie seun of dogter bo My liefhet, is My nie waardig nie. En wie sy kruis nie neem*

en agter My volg nie, is My nie waardig nie. Wie sy lewe vind, sal dit verloor; en wie sy lewe verloor om My ontwil, sal dit vind (38, 39). Is ons werklik daartoe bereid?

'n Tweede gestalte waarin die Woord van God tot ons kom, is die *Bybel* wat die getuienis aangaande Jesus Christus bevat. Die Ou Testament wys vooruit na Hom, en die Nuwe Testament wys na Hom toe terug. Sonder die Bybel sou ons baie min van die Woord wat Hy in Jesus gespreek het, geweet het. Watter rol speel die geskrewe Woord in ons lewe? Ons lees dit miskien aan tafel, maar lees ons dit op die regte manier? Lees ek dit as 'n persoonlike brief, wat aan my persoonlik gerig is?

Die derde gestalte waarin die Woord tot ons kom, is die *verkondiging* van die Woord. Dit vind plaas tydens die erediens op Sondag, maar kom ook op ander maniere tot ons: bv. 'n oordenking in 'n koerant, of 'n preek oor die radio of geestelike liedere op 'n CD. Dit kan ook na ons kom deur 'n gesprek of 'n boek.

**Dit is in werklikheid net andersom.
Dit is óns wat niks met die Woord
dóén nie.**

Een van die grootste belemmerings van ons geloofsgroei is dat hierdie dinge so maklik pure *gewoonte* of *roetine* word. Dit word 'outomaties'. Dit 'doen' nie meer iets vir ons nie, sê ons al te maklik. In werklikheid is dit egter heeltemal anders gesteld. Ons is nie maar passiewe voorwerpe wat nie kan help dat niks gebeur nie. Dit is in werklikheid net andersom. Dit is *óns* wat niks met die Woord dóén nie. Dit lê nie aan Hom wat die Woord ís nie, dit lê nie aan die Skrif nie, dit lê nie aan die preek nie, dit lê aan my! Soek ek Christus en stel ek my oop vir sy Gees? Bid

Daar is net een tipe vrede, en dit is die vrede van God

ek vir lig van die Gees voor ek die Woord oopslaan? Gaan ek met 'n oop hart kerk toe en laat ek die gepredikte Woord werklik binne? Of dink ek dat ek eintlik alles al weet en dat wat ek doen niks anders is as 'n herhalingsoefening nie?

'Skaars'

In 1 Samuel 3:1 staan 'n opmerklige uitdrukking: 'die woord van die HERE was *skaars* in die dae'. Wie se skuld sou dit gewees het? God s'n, omdat Hy Hom nie wou openbaar nie? Ons weet van beter. Dit kom van die sondige duisternis in die sentrum van Israel se godsdiens: die tabernakel by Silo. Die hoëpriester Eli was nie net oud nie, maar die krag het ook uit sy geloof verdwyn. Hy vermaan wel sy twee seuns Hofni en Pinehas, wat by die bring van die offers nie net die mense nie, maar ook vir God besteel het, maar laat hulle verder hulle gang gaan. Die gevolg hiervan was dat die mense wat kom offer het, '*die offer aan die HERE verag*' (2:17) het. In so 'n situasie is dit nie vreemd dat God Hom terugtrek, en nie meer boodskappe of gesigte

gee nie. En tog laat God dié volk, waarmee Hy op Sinai 'n unieke en ewige verbond gesluit het, nie los nie. Hy begin voor, opnuut, met die seuntjie wat as Eli se handlangertjie in die heiligdom werk. In die middel van die nag roep Hy hom: 'Samuel, Samuel!'

Is dit miskien ook die probleem van ons tyd? Dat ons as lidmate van die kerk so 'gewoond' is aan die evangelie dat die glans daarvan af is? Is dit dan vreemd dat die glans van ons geloof ook verdwyn? As ons geloof swak is soos 'n flikkerende kersie, dan lê dit nie aan God nie, maar moet ons in die spieël van God se Woord na onself kyk, en bid:

*Hoor, Heil'ge Gees, ons roep U!
Kom, wees aanwesig in die woord;
wek ons gees, sodat dit hoor,
wek ons hier en nou tot lewe.*

(Ad den Besten, Gesang 250;
vry vertaal)

In die vorige uitgawe is die artikel *Tradisie, kompas of radar* deur GJ van Middelkoop geskryf. Daar was 'n misverstand en ons het die skrywer verkeerdelik aangegee.

We need to have a strong emphasis on the sinfulness of our sins. God calls us to be the healing church of Christ and not the hiding church of Christ.

-R Gleason